# 5 Augustus 2023 - Lesing 92 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die geboorte van die Messias I - 24/12/58

**NO: 7237** Verlossing het van bo gekom na hier.

Hoeveel lippe spreek dit nie uit en hoe dikwels is die hart nie daarby betrokke nie, in soverre dat 'n mens homself nie eenmaal ernstig besin het oor die betekenis van JaHshua Messias se koms na die aarde nie. 'n Kindjie word gebore, **Wie se siel uit die ryk van Lig na die aarde toe gekom het**, **omdat God Self Hom in hierdie kindjie wou beliggaam.** Die kindjie JaHshua was 'n mens, gebore uit Miriam, die maagd wat Hom ontvang het deur die krag van die Gees.

Die mens JaHshua het Sy aardse lewe begin soos elke ander mens, maar die verskynsels wat Sy geboorte begelei het, was nie dié van 'n gewone mens nie. Maar dit het daarop gewys dat 'n buitengewone omhulsel ook 'n besondere seuntjie bevat het, omdat hy die omhulsel moes wees vir die ewige Godheid, Wie slegs in 'n suiwer mens sonder sonde sigbaar kon word, soos wat dit by die seuntjie JaHshua die geval was. Want hy moes 'n taak van die allergrootste betekenis vervul, daarom dat ook die voorwaardes daarvoor buitengewoon was.

God Self wou in die kindjie JaHshua Sy intrek neem en **het vir Homself 'n vorm gekies wat smetteloos was en wat ook 'n smettelose siel bevat het**, waarin die ewige Godheid Sy intrek kon neem om die **verlossingswerk vir die hele mensdom te kon volbring**. Dat God Self na die aarde neergedaal het, was 'n buitengewone groot werk van erbarming. Want die aarde het in die diepste duisternis gelê en alle bewoners van die aarde ook. Hulle was deur die vors van die duisternis oorheers en was gesnoer en het weggekwyn onder die druk van onvryheid in sonde en kwelling.

Boodskap van Jakobus 19

*1e En ek (**Josef**) sê vir haar: Dit is Mirjam wat in die Huis van JaHWeH opgevoed is en deur die lot aan my as vrou toegewys is, tog is sy nie my vrou nie, maar sy het ontvang van die Gees van die Apartheid.*

*1f En die vroedvrou sê vir hom: Is dit waar?*

*1g En JôWsef sê vir haar: Kom kyk! En die vroedvrou het met hom saamgegaan.*

*2 Hulle staan toe op die plek van die grot, en kyk, 'n **ligtende Wolkkolom** oorskadu die grot.*

*2a En die vroedvrou sê: Vandag is my siel groot gemaak omdat my oë wonderlike dinge aanskou het, want Lossing is vir JisraEl gebore.*

*2b En meteens trek die Wolkkolom weg van die grot **en daar verskyn 'n groot Lig in die grot**, sodat hul oë haar nie kon verdra nie.*

*2c En geleidelik het **daardie Lig verminder totdat die Kindjie te voorskyn kom** en die bors van Sy moeder Mirjam neem.*

En God was op hoogte van die nood van Sy skepsele wat hulleself eens vrywillig van Hom geskei het en in steeds dieper duisternis verstrengel geraak het en geen uitweg kon vind nie en uitgeroep het na **'n Redder wat hulle moes kom bevry.** God het hulle geroep gehoor en het aan hulle Sy Seun gestuur na die aarde. Een Wese wat eweneens uit Sy Mag en Liefde voortgekom het **en wat in die volheid van Sy lig gebly het,** toe Sy broers hulleself na benede gestort het in die duisternis. Die Siel van JaHshua was God in oorgrote liefde toegedaan. Sy het egter ook van Haar gevalle broeders gehou en wou hulle help om terug te keer na die Vaderhuis, want Sy het geweet dat geluk en saligheid slegs moontlik was in God se teenwoordigheid maar in Sy afwesigheid slegs nood, kwelling en duisternis kon wees.

JaHshua het beide toestande geken en Sy liefde vir die ongelukkiges het Homself **daartoe gebring om Hom vir God aan te bied as 'n offer**, om die sondeskuld af te betaal, wat onmeetlik groot was en **nooit** deur hulle wat sondig geword het, **self goedgemaak kon word nie**. Maar 'n rein skuldlose siel wou Homself opoffer vir hulle sondes, om die skuld te delg en om aan die Geregtigheid van God voldoening te skenk. Want die siel was Liefde.

Die Liefde was God/Elohim.

God, oftewel die Liefde, het die mens JaHshua so vervul dat Hy 'n daad van die grootste lyding en kwellinge wou volbring ter wille van die gevalle broers. En so daal God Self in JaHshua af na die aarde en betrek 'n menslike vorm, wat **aan alle eise beantwoord het** om die ewige Godheid in Homself te dra, sonder om te moet vergaan.

Die kindjie JaHshua was vol liefde. En alles wat in die straal van Sy liefde gekom het, was in die hart vervul van liefde, lof en danksegging. Want daar kom na die krip van die kindjie slegs mense wie se harte rein was en wie God toegedaan was en daarom ook die liefde kon voel wat die kindjie uitgestraal het en hulle ontbrand toe in vurige liefde vir die JaHshuakind. Weliswaar word die gebeurtenisse tydens die geboorte van JaHshua slegs nog as 'n legende beskou, maar wie vervul is van die Gees van God, **wie se gees opgewek is,** die weet ook dat alles waarheid is wat van die geboorte van JaHshua as kennis onder die mense bewaar gebly het.

Wonderwerke na wonderwerke gebeur rondom die kind self, in die natuur, in die Hemel en op die Aarde.

*Jakobus 18*

*18 EN hy (Josef) vind daar 'n grot en bring haar (Miriam) daarin en laat sy seuns by haar, en hy het uitgegaan en 'n vroedvrou in die omgewing van Betlehem gaan soek.*

*2 En ek, JôWsef, het rondgeloop, en ook nie rondgeloop nie. Ek kyk op in die lug en ek sien die lug verstar.*

*2a En ek kyk op na die hemelgewelf en ek sien hom stilstaan, en die voëls van die Hemele beweginglоos.*

*2b En ek kyk na die Aarde en ek sien 'n voedselskottel staan en arbeiders wat daaromheen aansit, en hul hande was uitgesteek na die skottel; en hulle wat gekou het, het nie gekou nie; en hulle wat voedsel geneem het, het nie geneem nie; en hulle wat dit na hul mond gebring het, het dit nie na hul mond gebring nie.*

*2c En almal se aangesigte was na bo gerig.*

*2d En kyk, daar was skape wat voortgedryf is, en die skape het stilgestaan, en die herder het sy hand opgelig om hulle te slaan en sy hand het opgerig bly staan.*

*2e En ek kyk na die stromende rivier en ek sien die bekke van die bokkies op die water en tog drink hulle nie... En ineens het alle dinge weer hul natuurlike loop geneem.*

**En alle engele in die hemel het hul knie gebuig voor Diegene wat Homself in die kindjie JaHshua beliggaam het**, netsoos ook mens en dier deur die heiligste ontsag en stilte gegryp was toe die grootste wonderwerk, die menswording van God in JaHshua plaasgevind het.

En wie se gees gewek is, sy hart sal ook oortuig die woorde uitspreek: **"Die verlossing het van Bo neergedaal."** Want op hom straal eweneens die skynsel van liefde van die Heiland JaHshua Messias. Hy behoort tot die verlostes vir wie die werk van erbarming aan die kruis volbring was, **omdat hy wi**l, dat ook hy verlos sou word van sonde en dood.

En hy sal nie net met die lippe spreek oor die geboorte van Messias nie, hy sal **met sy hart** alles in gedagte volg wat homself afgespeel het in die nag toe die Lig van die wêreld na die aarde neergedaal het **en dat die kindjie JaHshua die Lig van die wêreld is**. En hy sal instem met die lofsang: **"Vrede op aarde en 'n welbehae vir die mense wat van goeie wil is".** Amein.